Hoër Volkskool Potchefstroom

STIGTINGSDATUM: 1922

LEUSE: SAPIENTIA VIS VERA (WYSHEID WYS DIE WAARHEID)

ADRES: H/V KRUISSTRAAT EN CHRIS HANILAAN, POTCHEFSTROOM

FNB

Skoolgeskiedenis

Hoër Volkskool is op 19 April 1922 in 'n ou kerkgebou met 23 leerlinge en twee tydelike onderwysers gestig. Die man agter die stigting was PM van der Lingen, 'n inspekteur van onderwys. Die eerste hoof, Jack Pauw, het op 11 Oktober 1922 sy amp aanvaar, en oom Koos Burger het hom as eerste permanente onderwyser by die personeel aangesluit. Die daaropvolgende jaar het die skool na die skouterrein verskuif met 140 leerlinge en vyf onderwysers. In 1924 is met die bou van die eerste skoolgeboue begin, en kon die leerlinge daarna uitsien om uit die koeistalle te trek! In 1928 het die leerlinge hul nuwe gebou betrek. In 1925 is op die skool se kleure – swart, goud en rooi – ooreengekom. Swart; want oom Koos het 'n swart baadjie gedra. Die arend op die wapen simboliseer oorwinning. Die drie skakels in die ketting staan vir eenheid, lojaliteit en 'n goeie gees. Die skool het tans sowat 1200 leerlinge, onder wie 'n derde seuns is. Die skool het van meet af aan koshuisgeriewe gehad.

Rugby by Volkies

Jack Pauw, wat losskakel vir Wes-Transvaal teen die Leeus se toerspan van 1924 gespeel het, was die eerste rugbybreier by die skool. Die skool het van die begin rugby gespeel. Die eerste triomfantelike jaar was 1939, toe die 1ste span onder die aanvoering van die hemelbesem Josef Fürstenburg die Administrateursbeker ingepalm het. Volkies moes tien jaar wag voordat hy die beker weer kon wen, maar het dit toe drie jaar agtereenvolgens gedoen – in 1949-51. Volkies het die beker ook ingepalm in 1961 en '76, die jaar toe die All Black-toerspan die skool besoek het. Die o.15 span het die Direkteurstrofee in 1987 en '95 verower, terwyl die o.16 span die Beeld-trofee in 1996 ingepalm het. In 1998 het die eerste span die Super-12 gewen. Die skool het vyf Springbokke opgelewer: Nic Bierman, Daan du Plessis, Niek Bezuidenhoudt, Jorrie Muller en Jaco Engels. Johan Claassen, ook 'n Springbok, was van 1954-59 geskiedenisonderwyser by die skool. Daarna het hy breier geword van die Springbokspan wat die All Blacks in 1970 en '76 en die Wallabies in '71 verslaan het. In 1981 het die skool twaalf spelers by die Cravenweek gehad, van wie vier vir SA Skole gespeel het. Teen 2007 het Volkskool byna 200 spelers na die Cravenweek gestuur, van wie sewe vir SA Skole uitgedraf het. Volkies het nege spanne en ding as 'n mediumskool mee. Hul grootste mededingers is Potchefstroom Gimnasium, en die derby tussen Volkies en Gimmies is 'n groot okkasie op Potchefstroom. Op die Donderdag voor hierdie derby word 'n Groot Spog gehou, waar 'n Mej Volkie gekies word. Die spanlede word deur hul pa of gesin tot 1ste spanspelers beslaan. Op die Saterdag toon die seunsportspanne hul steun aan die meisies. Die o.14A rugbyspan moedig byvoorbeeld die o.14 netbalspan aan. Die 2de span staan as die "Army" bekend.



Internasionaal

Suid-Afrika:
Nic Bierman
Daan du Plessis
Niek Bezuidenhout
Jorrie Muller
Jaco Engels

Johan Claassen

"Ek het met 'n rugbybal in die hande grootgeword en wou net rugby speel en drieë druk! Ek het my gate uit geniet by Volkies, en onthou die krete na die wedstryde, die talle breiers wat my gehelp het, veral Coenraad Jurgens, en die strawwe wedywer in die finale op skoolvlak. Die lesse wat ek in hierdie taai kragmetings geleer het, het baie vir my rugbytoekoms beteken."

— Jaco Engels